14 JANUARIE 2018

09:00 Erediens

Quintus Smit

Hemel toe in 2018 Kol 1:27

18:00 Aanddiens

Immanuel van Tonder

"You just ain't seen n-n-n-nothin' yet!" Joh 2:1-12

21 JANUARIE 2018

09:00 Erediens

Eric Scholtz

09:00 Kategese Gr 1 – 6 (begin in die kerk)

Registrasie en opening

09:00 kleuterkerk

18:00 Aanddiens & Pelgrimsgroepe (Snr. Kategese)

Fay van Eeden

Snr. Kategese registrasie en opening

19:00 Belydenisklas

Opening

Baie welkom terug aan almal na die vakansie. Ons wens elkeen 'n jaar van innerlike groei toe. Ons sien met baie verwagting en opgewondenheid uit om in God gewortel 'n lewende gemeente te wees en 'n betekenisvolle verskil te maak. Mag 2018 vir jou God se aangename jaar wees!

Belydenisaflegging:

Aansoeke vir Belydenisaflegging op 4 Februarie sluit 25 Januarie 2018. Alle aansoeke moet so gou moontlik by die kerkkantoor ingehandig word of e-pos dit aan bets@nglynnwood.co.za. Indien jy nog nie 'n vorm ontvang het nie, kontak asseblief die kerkkantoor 012 348 1245 of stuur 'n e-pos.

Voorbidding:

Familie van Dirk de Jager, Lindfieldweg 75, Lynnwood Manor. Begrafnis is Dinsdag 16 Januarie 2017 om 10:00.

Andree Muller, Essenhoutlaan 481, Lynnwood, 082 797 2767 – haar seun, Herold, is oorlede. Begrafnis is Vrydag 19 Januarie om 15:00 in die kerk.

Baie welkom aan alle besoekers en nuwe intrekkers. Ontmoet gerus die predikant na die oggenddiens by die liturgiese ruimte. Skryf asseblief ook u naam in die boek in die portaal of skakel die kerkkantoor. Ons wil u graag verwelkom. Besoek ook gerus die Info-toonbank na die oggenddiens vir enige navrae.

Die week se kalenderaktiwiteite

Dinsdag:	**Eiendomsbedieningvergadering** 18:00 (Kapel)
Woensdag:	**Skole open.** **Gasvryheidsbediening** vergader 17:00 (A21). **"Young couples"-omgeegroep** 19:00 – Fay van Eeden 083 478 0854. **Kerkraadagenda sluit.**
Donderdag:	**Bybelstudie** 09:30 (Lynnwood Oord). **Jong Volwasse-omgeegroep** 19:00 (Sjêk) – Fay van Eeden 083 478 0854.
Vrydag:	**Gebedsgroep** 09:30 (B5). Kontak: Hanthi Jacobs 012 361 9058 / 083 293 0263 of Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572 met gebedsversoeke.

Bewys van Lidmaatskap:

Rossouw en Charlene Boshoff, Deo Valenti 8, Albertusstraat 237, La Montagne, 082 920 6228.

Oop vir die Oomblik:

'n Jaarkursus in 'n lewe van volbewuste teenwoordigheid, a*angebied deur die Sentrum vir Spiritualiteit o.l.v. dr. Willem Nicol en ds. Immanuel van Tonder*. Die kursus bestaan daaruit dat jy in 'n groot mate uit jou eie ervaring leer, ook tuis met huiswerk wat ons gee. Die kursus word op Donderdagaande aangebied, een keer per maand: 15 Februarie, 1 Maart, 22 Maart, 19 April, 24 Mei, 21 Junie, 19 Julie, 23 Augustus, 20 September, 25 Oktober, 22 November, plus een Saterdagoggend 24 Februarie. Plek: Kapel van NG Kerk Stellastraat, h/v Stella- en Olivierstraat, Brooklyn.
Inskrywings: stuur 'n e-pos aan finansies@stellastraat.co.za met jou naam en kontak besonderhede.
Koste: R600 vir 12 geleenthede, materiaal ingesluit.
Bankbesonderhede: NG Ring, ABSA, 9328323743.
Verwysing: teenwoordigheid, van, noemnaam.
Finansiële ondersteuning beskikbaar.
Navrae: Immanuel van Tonder 083 540 6015, immanuelvt@gmail.comm of Willem Nicol 083 966 7831, wnicol@mweb.co.za.

Dankoffers:

Oorweeg asseblief biddend 'n dankoffer d.m.v. een van die volgende wyses: koevert, aftrek- of debietorder, elektroniese oorplasing NG Lynnwood, ABSA Takkode: 632005, Tjekrekening nr. 540 580 014 (gebruik asseblief u Voorletters en Van as verwysing en e-pos bewys van betaling aan finansies@nglynnwood.co.za of *Snap Scan*.

Snap here to pay

SnapScan

Het Jy Geweet?

ons is op Facebook!

Lynnwood Gemeente
Jeug NG Lynnwood
Nuwe Generasie (NG Lynnwood)
Musiek at Lynnwood Gemeente

Kom ons en gesels saam!

Kontak van die week: Laat dit staan!

Pas klaar met matriek wou ek niks weet van onmiddellik gaan leer nie en siende dat dit toe die tyd van sanksies was, was die alternatief slegs diensplig. Met oproepinstruksies in die hand het my geliefde moeder en ek begin om vir die epiese reis na Heidelberg voor te berei. Die houer waarin ons al my voorbereidende materiaal sou plaas, kan mens nie regtig 'n tas noem nie, want dit sou die betrokke ruimte wat die houer gevul het, nie gestand doen nie. Miskien sou koffer nogal kon werk; dit klink immers asof mens dan vir 'n lewenstog voorberei. Koffer klink verder na iets wat ten minste twee sterk mans moet dra mits hulle 'n goeie aflosspan het.

Van alles op die oproepinstruksies se "noodsaaklike" lys was daar ten minste dubbel gepak. Met die treinreis na Heidelberg se Seinerskorps was dit nie 'n groot probleem nie en die inhoud van die arkagtige koffer het later handig te pas gekom. Ek het genoeg pleisters, Immodium, naald en garing gehad vir my, my peloton en die peloton langsaan (sou hulle navraag doen).

Na die eerste paar weke van basiese opleiding is die troepe die geleentheid gegun om vir 'n langnaweek huiswaarts te keer. Vir dié kuier, moes ek 'n paar gewigte besluite neem: wanneer sou my liefde en ek bietjie kon kuier en wanneer sou ek by die huis bly om met my huisgesin verlore nuus op te vang. Verder moes ek ook besluit oor watter deel van die koffer terug moes gaan. Die antwoord was maklik: meeste. Vir die volgende dekade of twee het my gesin van oorsprong genoeg pleisters, Immodium, naald en garing gehad vir hulle en die bure (sou hulle navraag doen).

Met die aanbreek van die langnaweek marsjeer die korporaal ons na die plek waar menige ouer staan en wag en ek vermoed as daar toe selfone was, sou ek en my koffer 'n treffer op FB gewees het (selfs die kommuniste sou uit simpatie vir my geglimlag het). Ons loop ver en die korporaaltjie is lus vir pret, dus wissel hy die tempo van marsjeer. Almal moet hulle tasse/sakke in die linkerhand dra, maar ek word so moeg dat ek hande ruil en die korporaals lag so dat hulle my nie aanspreek nie.

Ek leer 'n kosbare les: daar is goed wat mens MOET laat staan.

Gereeld wonder ek of ons Christene nie ook koffers saamsleep wat eintlik min nut het nie. Een van die gunsteling items in ons lewenskoffers is natuurlik skuldgevoelens wat ons meedra en intussen is ons lankal deur mense en God vergewe. Of miskien is ek nog kwaad vir iemand van dertig jaar gelede. 'n Persoon in die siviele lewe dra na al die jare steeds sy rang saam met hom en hanteer mense soos troepe met koffers!

Richard Rohr help ons hiermee. Vir Rohr is daar drie sake wat gelowiges kan laat staan:

[1] Die allesoorheersende behoefte om suksesvol te wees en die neiging om ander mense wat volgens my maatstaf onsuksesvol is, te kasty.

[2] Die allesoorheersende behoefte om reg te wees, veral teologies. Eintlik streel ons daarmee net ons ego's en menige nuwe kerk is gestig met hierdie behoefte as stukrag. Predikantespanne het al mank gegaan onder 'n kollega wat reken hy of sy is God se regstelling op ander gelowiges.

[3] Die smag na mag; om alles te kan beheer. Beheervrate maak nie net mense om hulle moeg en moedeloos nie, maar plaas te veel druk op hulleself. Beheervrate is nie net mense wat altyd die burgemeester of hoofseun wil wees nie, maar raak nukkerig wanneer ander mense nie hulle raad ernstig opneem nie. Kwistig kan hulle raad uitdeel, maar sukkel om te ontvang.

Beteken dit dat ons Gods water oor Gods akker moet laat loop? Soms! Juis 'n uiterste beheervraat het menige maal vir die mense in die gemeente gesê: "Laat toe dat die saak ontwikkel. Mettertyd sal ons meer insig kry." Die beste raad wat iemand ooit vir homself kon gee!

T-tyd: As jy 'n koffer het, wat is jou gunsteling item daarin? Kan jy dit los?

Groete
Peet Crous (namens die Predikantespan)

EK BIED MY GAWE AAN:

Naam _____

Selfoonnommer _____ **Landlyn nommer** _____

E-posadres _____

Kort beskrywing van Gawe

_____

Terme en Voorwaardes van gawe (bv. X2 mense per week, Maandae)

_____

_____ _____

Handtekening **Datum**

*** Handig asseblief in by die info-toonbank, kerkkantoor of in die mandjie in die portaal.
*** Skakel 065 383 7292 of stuur gerus ook per epos aan helplift@nglynnwood.co.za

Gemeenskap

Skole: Open 17 Januarie 2018 – sterkte vir die kwartaal wat voorlê!

Huishulp het 35 jaar lank ou mense opgepas, kos gekook en huis skoongemaak. Haar vorige werkgewer het onlangs op 98 jaar gesterf. Sy werk 2 dae per week by my en soek nou werk vir 3 dae. Ek kan haar sterk aanbeveel – Olivia Kruger 082 440 5535.

Kennisgewingsborde: Indien u 'n kennisgewing op die borde wil plaas, bring dit asseblief na die kerkkantoor of Info-toonbank – baie dankie vir u samewerking in dié verband.

Motorwagdonasies: Houers in die portaal beskikbaar – dankie vir u ondersteuning.

Byderhand: Kragonderbrekings: 012 339 9111 (080 111 1556 tolvry) of
SMS "power" gevolg deur jou rekeningnommer na 082 612 0333.
Straatligprobleme: 080 111 1556 of e-pos customercarep@tshwane.gov.za.
Slaggate en/of robotte uit: e-pos customercare@tshwane.gov.za.
Water probleme: 012 358 2111 of 012 327 0147 of
e-pos customercare@tshwane.gov.za.
Watermeterlesings (deurgee) – rooster vir 2018 beskikbaar by www.tshwane.gov.